

**19 Augustus**

**Skrifgedeelte: Josua 2:8-20**

**Fokusgedeelte: Josua 2:9-11**

### **God se wonderdade bring tot geloof**

Elkeen wat sy oë wil oopmaak, sal die wonderdade van die almagtige God raaksien! Sommige sien die dinge raak, maar gee nie aan God die erkenning nie. God se uitverkorenes kom egter diep onder die indruk van sy wonderdade. Teenoor die twee verspieters het Ragab bely sy weet dat haar land vir Israel bestem is. Die hele land Kanaän is bevrees vanweë die koms van Israel. Hierin sien ons die vervulling van die Here se beloftes. Hy het belowe dat Hy die Kanaäniete vir Israel verskrik sal maak sodat Israel die land in besit kan neem. Hierdie vrees is veroorsaak deur die Here se wonderdade. Die mense het gehoor van die wonderwerk met die deurtog deur die Rooi See en die vernietiging van die Amoriete. Die inwoners sidder nou as Israel op hulle landsgrense saamtrek – nie omdat Israel so magtig is nie, maar omdat hulle God die Almagtige is. Hy doen die wonderdade. Hy is anders as al die ander gode.

In vers 9 bely Ragab: “Ek weet die Here gee vir julle die land.” In vers 10 en 11 sê sy hoekom sy dit weet. Hulle het gehoor van die Here se wonderdade. Die wonderdade is deur die Heilige Gees in haar hart geheilig sodat sy tot geloof gekom het.

Ons sien en beleef God se wonderdade daagliks. Sien jy dit raak? Raak dit jou op so ‘n manier dat jy ‘n geloofsverdieping ondergaan? Die grootste wonderdaad van die Vader is die versoening vir ons deur sy Seun. Erken dit en kom tot geloofsgehoorsaamheid en aanbidding van God.

*Sing: Skrifberyming 37:2,3 Ds P van Wyk (Pretoria-Noord)*